# 5. DIE VERHOUDING TUSSEN SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK IN SUID-AFRIKA: 'N HISTORIES-PRINSIPIËLE BESTEKOPNAME VAN DIE TYDPERK 1983 TOT 2 FEBRUARIE 1990

## 5.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die Suid-Afrikaanse samelewing word reeds die afgelope dekade of meer gekenmerk deur pogings van polities-ideologiese bewegings en faksies om die totale gemeenskap te mobiliseer en te (ver-)politiseer om kollektiewelik teen 'n gevestigde onderwysstelsel - wat histories ontwikkel en beslag gekry het - in verset te kom en selfs rewolusionêr te verander (vergelyk Delancey, 1988:1-8; Garbers, 1988:14-15; Oberholster, 1988:39; Mostert, et al. 1988:59 e.v.; Snyman & Lötter, 1988:105 e.v.; Ashley, 1990).

Die krisis wat in skoolonderwys in Suid-Afrika sedert 1976 bestaan, word veral gekenmerk deur die politieke betrokkenheid van verskillende rolspelers wat skoolonderwys gebruik/misbruik om politieke steun te mobiliseer en/of politieke prosesse te ondersteun. Hierdie beïnvloeding van die skoolonderwys, soos verteenwoordig deur verskillende individue, faksies, organisasies en instellings, elkeen met 'n eie gekompromitteerdheid met spesifieke ideologiese standpuntstellings en politieke filosofieë, is grootliks daarvoor verantwoordelik dat die onderwyskrisis tereg ook as 'n nasionale krisis beskryf kan word (Morrow, 1988:248; Coetzee, 1983:E46; Engelbrecht & Nieuwenhuis, 1988:146; Dostal, 1988:78-79).

Skoolonderwys is aangewend vir die vestiging van bepaalde politieke persepsies en vir die realisering/handhawing van bepaalde politieke ideale (Morrow, 1990; Van den Heever, 1990; Truter, 1990; Brynard, 1989:20). Hierdie gebruik/misbruik van skoolonderwys het grootliks daartoe bygedra dat die konflik en geweldpleging letterlik deel van die daaglikse patroon was. Dit was daarom nie vreemd om verskillende soorte konflikgeoriënteerde gedrag in die vorm van oproer, stakings, brandstigting, skoolboikotte en boewery gedurende die tagtigerjare in en om skole te sien nie. Dit was sonder uitsondering

kenmerkend van 'n destyds hoogs ontvlambare onderwystoneel.

Politiek-maatskaplike oogmerke van veral radikales, soos gelykheid en die aandrang op meer legitieme politieke en ander instellings, gekoppel met grootskaalse ontevredenheid oor onderwysaangeleenthede dwing veral sedert 1985 die onderwysmaghebbers om van hulle mag oor die onderwys afstand te doen of dit minstens met almal te deel. In dié magstryd word onderwysprogramme gebruik/misbruik vir politieke doeleindes (Shingler, 1973:291-292; Van Heerden, 1986:127 e.v.; Coetzee, 1983:E56; NECC, 1987(a):1).

## 5.2 DOELSTELLING EN ORDENINGSRAAMWERK VAN DIE ARTIKEL

Uit die probleemstelling kan afgelei word dat skoolonderwys en die politiek in Suid-Afrika in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan. Kenmerkend van die verhouding is dat die politiek onder andere die wyse bepaal waarop skoolonderwys realiseer. Die doelstelling van hierdie artikel is dus: *om histories-prinsipieel te gaan vasstel hoedanig die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek in die tydperk 1983 tot 1990 in Suid-Afrika daar uit gesien het.*

Redes vir die keuse van die genoemde tydperk sluit in: gedurende dié tydperk het 'n reeks gebeure (vergelyk byvoorbeeld die 1983-grondwet, die hervormingsinisiatiewe van die NP-Regering sedertdien, verkiesings en algemene verkiesings, die opkoms van die sogenaamde "Mass Democratic Movements" (MDM), die verdeling in blanke politieke geledere, die groterwordende invloed van die vakbondbeweging, die verbreiding van swart ideale, ens.) plaasgevind wat dit moontlik maak om 'n greep te verkry op die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek.

Omdat dit 'n byna onmoontlike taak is om die totaliteit van gebeure van die genoemde tydperk weer te gee, gaan daar in die rekonstruksie van sowel die skoolonderwysgebeure as die politieke gebeure slegs gefokus word op die sentrale en rigtinggewende gebeure vir sover hierdie gebeure implikasies inhou vir die verhouding skoolonderwys en die politiek. Derhalwe is 'n ordeningskema ontwerp om 'n greep op dié genoemde tydperk te kan kry.

* Hoewel eenmalige gebeure ook deel vorm van die historiese patroon en voortgang is daar doelbewus na deurlopende kerntemas en gebeure gesoek waarin kontinuïteit gevind word. Die winspunt van sodanige werkwyse is dat dit geleentheid bied vir 'n geheelvisie op die ontwikkelingsgang van skoolonderwys en die politiek;

* die aanbieding word chronologies aangebied binne die voorgestelde tema;

* die belangrikste historiese maghebbers (rolspelers) word deurlopend geïdentifiseer; en

* die drie voorgaande word geïntegreerd aangebied in 'n poging om die doel van die artikel te bereik.

Bogenoemde ordeningsraamwerk word nou toegepas om die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek histories-prinsipieel te bepaal.

## 5.3 FASETTE VAN DIE VERHOUDING SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK IN SUID-AFRIKA

### 5.3.1 Verskillende ideologiese uitgangspunte ten aansien van die verhouding skoolonderwys en die politiek in Suid-Afrika

Die tagtigerjare is in Suid-Afrika gekenmerk deur die bestaan van verskillende organisasies en bewegings met wyduiteenlopende ideologiese uitgangspunte. By elkeen van hierdie ideologiese uitgangspunte was daar in 'n mindere of meerdere mate sprake van 'n sistematiese en omvattende politieke leerstelling waaruit 'n spesifieke siening van die samelewing blyk en waaruit 'n universeeltoepaslike teorie van die mens (i.c. skoolonderwys en die politiek) na vore kom. Hieruit het logieserwys telkens 'n eie unieke program van politieke aksie en optrede gevolg.

Om enigsins 'n greep op die wisselwerking tussen die verskillende ideologiese uitgangspunte te kan verkry asook op die daaruit voortvloeiende verhouding tussen skool-

onderwys en die politiek is dit essensieel om daarop te let dat van die belangrikste deelnemers aan die onderwys- en politieke gesprek in Suid-Afrika óf as uitgewekenes in ander lande óf as aangehoudendes in Suid-Afrikaanse gevangenisse verkeer het. Hierdie "van-buite-af"- en "van-binne-af"-werking van ideologieë met hulle onderskeie verteenwoordigers (waaronder politici, gemeenskapsleiers, onderwysers, studente en skoolleerlinge) het die skoolonderwys en politiek deurgaans beïnvloed.

By nadere ontleding blyk dit dat daar letterlik 'n bonte tafereel van ideologiese uitgangspunte en politieke groeperinge bestaan het. Van hierdie uitgangspunte sluit onder meer in: die "Africanist approach" soos verteenwoordig deur die Pan Africanist Congress (Ebrahim, 1986:2; Mlambo, 1987:1-2; Pan Africanist Congress, s.a.:3-22); die Swartbewussynsbeweging "Black Consciousness" met 'n sterk rassistiese oriëntasie soos verteenwoordig deur die Azanian People's Organisation en die National Forum (Cooper & Ntloko, 1986:20; Tloubatla, s.a.:1-9; AZAPO, s.a.(a):1; AZAPO, s.a.(b):1; Azanian Manifesto, 1983(a):21); die sogenaamde Vryheidsbewegings ("Liberation movements") waarvan die African National Congress seker dié bekendste is; die Sosiaal-demokratiese uitgangspunt van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (Anon., 1987(a):35-36); die "Mass Democratic Movement" (Anon., s.a.(b):3); die "National Democratic Movement" wat bestaan uit die sogenaamde "progessive movements" waaronder die United Democratic Front; die nasionaal-sosialistiese standpunt van verskillende weerstandbewegings waaronder die Afrikanerweerstandsbeweging, die Orde Boerevolk, die Boerestaat Party (Du Plessis, 1987:116-141); die sogenaamde "Tribalist"-uitgangspunt waarvan die Inkatha-vryheidsbeweging 'n voorbeeld is; die "neo-apartheidbeweging" soos verwoord in die "eie en algemene sake"-uitgangspunt van die Regering - die Nasionale Party; 'n Verwoerdiaanse weergawe van apartheid soos voorgestel deur die Konserwatiewe Party; radikale apartheid soos voorgestel deur die Herstigte Nasionale Party, en die liberale uitgangspunt van die Progressiewe Federale Party, die Nasionale Demokratiese Beweging (Albrecht, 1987; Malan, 1988:1-6) en die Demokratiese Party.

Hoewel die verskillende ideologiese uitgangspunte hierbo op 'n politieke kontinuum van ver-links tot ver-regs georden is, is daar ook ander kategoriseringsmoontlikhede. So byvoorbeeld kan daardie ideologiese uitgangspunte waarin ras, etnosentrisiteit en uiteinde-

lik nasionalisme (vergelyk die NP, KP, HNP, AWB en AZAPO) 'n prominente rol gespeel het, saamgegroepeer word. In die tweede plek kan deelname aan die Vryheidstryd (i.c. "Liberation struggle") ook dien as 'n ordeningsmoontlikheid. Groepe wat hieronder ressorteer, hoewel hulle wyse van deelname aan die stryd verskil het, sluit in: die Pan Africanist Congress (PAC), die African National Congress (ANC), die Azanian People's Organization (AZAPO), die United Democratic Front (UDF), Inkatha en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP). Die onderskrywing van bepaalde beleidsdokumente is 'n derde moontlikheid in die ordening van ideologiese uitgangspunte. Minstens drie moontlikhede kom hier na vore: onderskrywers van die "Azanian Manifesto" (AZAPO en sy ondersteuners), die "Freedom Charter" (ANC, PAC, SAKP en UDF) en die 1983-Grondwet (hoofsaaklik die NP met sy ondersteunerskorps).

Hoewel daar groot variasies tussen die gemelde ideologiese uitgangspunte bestaan het, is die skoolonderwystoneel gekenmerk deur twee hoofstroomideologieë, naamlik die destydse amptelike of dominante ideologie van apartheid soos verteenwoordig deur die Nasionale Party as regerende party, en die Bevrydingsideologie soos verteenwoordig deur die African National Congress met sy ondersteunerskorps. Hiermee word nie gesuggereer dat die ander ideologieë (byvoorbeeld die "Pan-Africanist" en die Swartbewussynsideologieë) minder belangrik was nie; inteendeel, elkeen van hiérdie ideologieë het individueel en gesamentlik 'n belangrike bydraende rol gespeel tot die ideologiese stryd wat die Suid-Afrikaanse samelewing tussen 1983 en 1990 gekenmerk het.

Alhoewel die amptelike of dominante ideologie van die Nasionale Party in politieke terme verwoord is as dié van hervorming van 'n vorige beleid, het die "eie en algemene sake"-herformulering daarvan in die praktyk niks anders beteken as 'n herinterpretasie van klassieke apartheid nie. Formeel is skoolonderwys steeds gekoppel aan 'n rasgebaseerde eerste owerheidsvlak waarin afsonderlike Huise geskep is vir blankes, sogenaamde Kleurlinge en Asiërs. Elkeen van hierdie drie Huise het gefunksioneer met 'n eie Ministersraad waarop afsonderlik 'n Minister vir Onderwys (eie saak) in die Volksraad (blankes), Raad van Verteenwoordigers (sogenaamde Kleurlinge) en Raad van Afgevaardigdes (Asiërs) gedien het. Waar Kleurlinge en Asiërs met die 1983-Grondwet amptelik deel geword het - met nog steeds streng institusionele beperkinge - van die parle-

mentêre prosesse, moes swartmense steeds hulle politieke regte in die tuislande en op plaaslike vlak in die voorstedelike gebiede uitoefen (Hansard, 1982 kol. 8347). Die uiteinde van hierdie rasgebaseerde ideologie was dat daar afsonderlike skole bestaan het vir uitsluitlik blankes, sogenaamde Kleurlinge, Asiërs en swartes. By sekere privaatskole is daar egter afgewyk van hierdie beleid - ooglopend in teenstelling met die verklaarde beleid van die Regering.

Teenoor die amptelike ideologie van apartheid was die ideologie van "National liberation". Hierdie bevryding het die doelgerigte, beplande en totale omverwerping van die *status quo* behels (Anon., s.a.(a): 5-6; Tambo, 1983:9-10; Tambo, 1984:4; Anon., 1985(a):9-13). Uit 'n evaluering van die verlede (i.c. die politieke, sosiale, ekonomiese en onderwyssfere) wat as onderdrukkend en uitbuitend gesien is, is 'n eie teorie ontwikkel wat as grondslag gedien het vir sosiale verandering (Anon. 1983(d):22; Magubane, 1988:4-13; Anon., 1984(a):4-8; Karon & Ozinsky, 1986:31-36; Anon., 1988:1-2; Anon., s.a.(a):1-2; Anon., s.a.(c):1-2). Dié nasionale bevrydingsideologie is onder meer sterk aangevul deur die sosiaal-demokratiese leerstelling wat gestaan het vir die opheffing van kapitalistiese uitbuiting en van onderdrukking van die werkersklas, die oprigting van 'n sosialistiese republiek en uiteindelik vir 'n kommunistiese samelewing (SACP, 1990).

Alhoewel die nasionale bevrydingstryd reeds so vroeg as die begin van hierdie eeu 'n aanvang geneem het (PAC, s.a.:17; AZASM, s.a.; Anon., s.a.(d):3-4; Innes, 1986:13), het die volle intensiteit en dinamiek van hierdie beweging gedurende die jare tagtig gedy. Die stimulus vir massamobilisasie in die tagtigerjare is gebied deur die 1976-onderwysopstande in Soweto. Die 1976-opstande is op hulle beurt weer voorafgegaan deur 'n groei in die Swartbewussynsbeweging (BC) wat klem gelê het op swart selfbeskikking en die verwerping van formele samewerking met blankes (Anon., s.a.(e):1-2). Alhoewel swart bewussyn aangewakker is, was dit veral die hernude belangstelling in die Freedom Charter as 'n program vir 'n nierassige Suid-Afrika gebaseer op algemene stemreg wat as aansporing gedien het vir 'n ongekende groei in *ad hoc* politieke en gemeenskapsorganisasies (Anon., 1983(d):3; Anon., 1988(c):1; SOYCO, s.a.).

Op 20 Augustus 1983 het die sogenaamde "Charteriste", wat bestaan het uit meer as 600

afgevaardigdes van verskillende vakbonde, kerkleiers en ander openbare gemeenskapsleiers, die United Democratic Front (UDF) gestig (Anon., 1983b:1; Anon., 1983(c):1). As sambreelliggaam vir sy geaffilieerdes wat direk met die ANC en die Freedom Charter geïdentifiseer het, het die UDF aan sy lede politieke fokus en rigting gegee ten opsigte van die omverwerping van die sentralistiese staatsmag. Hierdie vermoë, wat regdeur die tagtigerjare uitgeoefen sou word, is gedemonstreer in verskillende kampanjes waarin die Driekamerparlement en die swart plaaslike rade verwerp is. Massa-organisering en -mobilisasie wat studente-organisasies, jeuggroepe, kerkgroepe en ander bewussynsgroepe betrek het was aan die orde van die dag. Hierdie optrede het by uitstek dié modus operandi geword waarop die politiek van die dag gevoer is. Skoolboikotte, wegblyaksies, demonstrasies en straatbetogings gebaseer op eise met 'n plaaslike inhoud soos die verhoogde huishuur, die swak toestande in die onderwys, ontoereikende gesondheidsvoorsiening, korrupsie in die plaaslike rade en swak vervoer is deur die UDF georganiseer as niegewelddadige vorme van verset teen die amptelike ideologie van apartheid (AZASM, 1984; AZASO, 1983; Anon., 1983(b):1; Anon., 1984(a):4; De Villiers, 1986:14-17; Swilling, 1987:26-33; Lodge, 1987:6).

Skoolonderwys het struktureel deel van die "slagveld" geword waarbinne 'n totale rewolusionêre oorlog teen die bestaande orde gevoer sou word (PAC, s.a.:6; 17). As deel van die "people's war"-program het skoolonderwys (i.c. onderwysers, leerlinge en studente) die opdrag gekry om die boodskap van 'n verenigde front teen die *status quo* in die vorm van optogte, pamflette en plakkate te populariseer. Twee hoofwerkwyses kom na vore: in die eerste plek die verwerping van die bestaande onderwysstrukture met die totale inhoud en tweedens die daarstelling van sogenaamde alternatiewe "people's"-strukture (i.c. "people's education", "people's courts", "people's street committees" en alternatiewe organisasies in gesondheid en mediese dienste, nieformele onderwys, ensovoorts). Hierdie aktiwiteite het voortdurend gepaard gegaan met die bekendmaking van meningsopnames en werkswinkels waarin alle eise met plaaslike inhoud bespreek is (AZASO, 1982:4). In die woorde van Oliver Tambo, destydse leier van die ANC, "... for every Mandela, Sisulu, Mbeki and Kathrada that the enemy has captured, we must produce a thousand others to fill their places" (Tambo, 1983:7).

Skoolonderwys het by uitstek dié omgewing geword waarin ideologiese kohesie tussen individue, groepe en faksies bewerkstellig moes word. Vir elke lid van 'n skool moes dit duidelik gemaak word dat daar een gemeenskaplike verbintenis, een gemeenskaplike program van aksie en een gemeenskaplike strategie is wat nagevolg moes word. Alle seksionele en streeksverskille is ondergeskik gestel aan die nasionale stryd om bevryding (Anon., s.a.(h):6). Studente- en leerlingorganisasies, asook hulle onderskeie veldtogte teen die bestaande skoolopset, is geïntegreer in die matriks van politieke opposisie wat dit weer vir die onderwys-"struggle" moontlik gemaak het om doelgerig voortgesit te word. Hierdie ineenvervlegtheid tussen skoolonderwys en die politiek van die dag, het vir 'n kenmerkende patroon gesorg regdeur die jare tagtig.

### 5.3.2 Skoolonderwys en die noodtoestandsituasie

Grootskaalse massamobilisasie, wat veral in die swart gemeenskappe gedurende die middel tagtigerjare voorgekom het, het in omvang en intensiteit toegeneem. Onder swart leerlinge het daar toenemend die persepsie bestaan dat hulle griewe ten opsigte van die bestaande onderwysstelsel onlosmaaklik verbind was met griewe op alle ander terreine van die samelewing. Aanvanklike legitieme onderwysgriewe soos byvoorbeeld ontevredenheid met ongekwalifiseerde en onbevoegde onderwysers, die toediening van oormatige lyfstraf, 'n tekort aan skryfbehoeftes, 'n tekort aan voldoende klaskamers, seksuele teistering van dogters en die gedwonge verplasing van onderwysers en skoolhoofde het teen die einde van 1984 'n sterk politieke strekking begin aanneem (Anon., 1985(a):9). Solidariteit en meelewing in die swart gemeenskappe in die vorm van protes teen die apartheidsbeleid is verstewig met die staat se verhoging van die algemene verkoopbelasting. Die verhoging van huurgelde in die woonbuurte deur die plaaslike rade het eweneens hewige protes uitgelok. Hierdie ontwikkelinge, gekoppel aan die talle massabegrafnisse, die voortsleping van omstrede hofsake, volgehoue aandrang op die vrylating van politieke gevangenes en ontbanning van verbode organisasies asook die optrede van die Suid-Afrikaanse Polisie en Weermag het gesamentlik bygedra tot 'n hoogs ontvlambare situasie (Anon., 1988:2).

Teen hierdie agtergrond kondig Staatspresident P.W. Botha by wyse van proklamasie twee noodtoestande (die eerste een op 21 Julie 1985 en die tweede op 12 Junie 1986) af omdat

"... omstandighede in die Republiek ontstaan het wat die veiligheid van die publiek en die handhawing van die openbare orde ernstig bedreig; en die gewone landswette onvoldoende is om die Regering in staat te stel om die veiligheid van die publiek te verseker en die openbare orde te handhaaf" (RSA, 1985:1).

Opmerklike verskille tussen dié twee noodtoestande (wat ook 'n aanduiding is van die skaal waarop onrus en geweld geheers het) was dat die eerste afkondiging net vir 36 van die 133 landdrosdistrikte gegeld het (RSA, 1985:1) teenoor die tweede noodtoestand wat vir die totale Suid-Afrika gegeld het (RSA, 1986:1). Tweedens was daar wat die duur van die noodtoestande betref, 'n aansienlike verskil: Noodtoestand I het vir 'n tydperk van nege maande geduur terwyl Noodtoestand II vir twee jaar en sewe maande in swang was. In die derde plek het die 1986-noodtoestand voorsiening gemaak dat die rol van lede van die veiligheidsmagte (die Suid-Afrikaanse Polisie, die Suid-Afrikaanse Weermag, die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie en die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens) in nasionale sake so dramaties uitgebrei is dat byna absolute mag aan hulle toegeken is (RSA, 1986:5). Hulle is regoor die land ontplooi met as opdrag die beheer en toepassing van spesiale regulasies en bevele byvoorbeeld met betrekking tot die beheer oor nie-inwoners van 'n gebied, brandstofbeheer, onwettige byeenkomste, onwettige publikasies, toesprake en begrafnisse (RSA, 1986:3).

Hoewel bogenoemde regulasies vir alle burgers van die Republiek van Suid-Afrika gegeld het, is dit verder nodig geag om in daardie gebiede waar 'n hoë geneigdheid tot onrus en geweldpleging bestaan het, spesifiek skoolboikotte te beheer (RSA, 1985:2; 3; 5; 6). Spesiale regulasies is by verskillende geleenthede hieroor geproklameer. So byvoorbeeld is die beweging van leerlinge slegs beperk tot die klaskamer waarin onderrig gegee is. Alle leerlinge moes deurentyd onder toesig wees van 'n personeellid van die betrokke skool en alle aktiwiteite moes direk verband hou met dié van die betrokke skool. Geen ander persoon as slegs die leerling en onderwyser mag die skoolterrein betree nie. Slegs 'n lid van die veiligheidsmagte kon skriftelike vrystelling verleen van enige een van dié bepalings (RSA, 1985:2; 3; 5; 6).

Die teenwoordigheid van die veiligheidsmagte in en rondom skole is deur die skool-

leerlinge gesien as deel van die magsarm van die sekurokratiese staatsmag om hulle (i.c. die leerlinge) steeds aan die onderdrukking van die dominante ideologie te onderwerp. By byna elke geleentheid waar daar lede van die veiligheidsmagte teenwoordig was, was daar sprake van geweldpleging, brandstigting en skoolboikotte. Bydraend tot hierdie dilemma was dat die lede van die veiligheidsmagte, wat op daardie staduim steeds op groot skaal in Suidwes-Afrika in 'n offensiewe grensoorlog betrokke was, nie voldoende opgelei en toegerus was om met burgerlikes te onderhandel nie. Aan die ander kant was die lede van die veiligheidsmagte ook die direkte teikens van protes teen en weersin in die *status quo*.

Verdere noodregulasies het gevolg toe daar op 13 Julie 1986 by wyse van proklamasie voorskrifte uitgevaardig is wat direkte implikasies vir skoolonderwys tot gevolg gehad het. Hiervolgens mag niemand na 14 Julie 1986 onderwys ontvang het indien hy/sy nie hergeregistreer het by die skool waar hy/sy onderrig ontvang nie. Hierdeur het die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO) gepoog om beheer uit te oefen oor die boikot en oor boewe-elemente in die skole. Die Direkteur-generaal van Onderwys en Opleiding, of enige persoon deur hom aangestel, kon sonder opgawe van redes en sonder om enigiemand aan te hoor toelating tot 'n skool weier, of onderworpe aan voorwaardes, toelaat tot sodanige skool. Leerlinge is in daardie klas geplaas na gelang van vorige skool-prestasie, en indien 'n foutiewe plasing deur die beampte gemaak is, kon sodanige plasing gewysig word. Indien enige leerling geweier het om hom/haar neer te lê by hierdie bepalings, is dit as 'n vrywillige skoolverlating gesien (RSA, 1986:1-2). Die magte van die Direkteur-generaal van DOO is, bo en behalwe dié wat deur vorige regulasies aan hom toegeken is, uitgebrei op 29 Desember 1986 (RSA, 1986:2-3) toe verdere spesiale magte aan hom toegeken is. Saamgevat het dit daarop neergekom dat hy enige leerling of personeellid, sonder vooraf kennisgewing, te enigertyd kan reguleer, beheer en verbied om deel te neem aan enige program, aktiwiteit of optrede op die skoolterrein wat nie uitsluitlik verband hou met die skoolprogram nie.

Hoewel die Regering deur die instelling van beide noodtoestande daarin geslaag het om die openlike subversiewe elemente in die skoolonderwys te ondervang, is hierdie strenge en ingrypende optrede deur die Regering binne die geledere van die "liberation movement" gesien as 'n grootskaalse oorwinning. Daar is naamlik, volgens hulle,

grootliks daarin geslaag om die totale skoolonderwystoneel te aktiveer en te mobiliseer teen die *status quo*. Aan die ander kant het die direkte optrede van staatsweë, met alle magte tot sy beskikking, beslis negatiewe gevolge gehad vir die "liberation movement" as sodanig. Groot gedeeltes van die skoolgaande jeug is deur die aktiewe deelname aan protes en boikotaksies die geleentheid tot onderwys misgun. Die inhegtenisname van die leierskorps (i.c. Congress of South African Students (COSAS), Azanian Students' Movement (AZASM), Azanian Students' Organization (AZASO) en Student Representative Council-lede (SRC)) onder die jeug het bestaande kommunikasienetwerke tussen studente, leerlinge en die breër gemeenskap verbreek en hierdie netwerke is in baie gevalle totaal vernietig. Hierdeur is 'n groot mate van onsekerheid rondom die toekomstige rol van skole en skoolboikotte in die totale program van bevryding bewerk.

'n Totaal nuwe situasie ontstaan egter met die ontbanning van verbode politieke bewegings, groepe en faksies op 2 Februarie 1990 (De Klerk, 1990:15). Vir die eerste keer in die kontemporêre geskiedenis van Suid-Afrika ontstaan 'n situasie waarin die verskillende partye betrokke by skoolonderwys, openlik en onbevange hulle standpunte ten opsigte van onderwys kan stel.

### 5.3.3 Die 1983-Referendum en verkiesings, met skoolonderwys in die spanningsveld

Die politieke ontwikkelingsgang in Suid-Afrika is sedert 1983 gekenmerk deur snelle verandering wat uitgeloop het op 'n referendum (3 September 1983), 'n verkiesing in twee van die drie nuutgestigte Huise van die Parlement, naamlik die Huis van Verteenwoordigers (sogenaamde Kleurlinge) en die Huis van Afgevaardigdes (Indiërs) (22 Augustus 1984) en twee algemene verkiesings: die eerste een (6 Mei 1987) onder blankes waarin die regse Konserwatiewe Party die liberale Progressiewe Federale Party as opposisie vervang het en 'n tweede algemene verkiesing (6 September 1989) waarin blankes, sogenaamde Kleurlinge en Indiërs vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gesamentlik, hoewel op aparte kieserslyste, aan 'n verkiesing deelgeneem het.

Op 12 September 1983 is die Referendumwet, Wet 108 van 1983, gepubliseer waarin die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, 'n referendum uitgeroep het vir 2 November van die-

selfde jaar om te bepaal of die nuwe grondwetlike voorstel aanvaarbaar vir die kiesers was, al dan nie. Die uitslag van dié referendum het getoon dat 66% van die blanke kiesers ten gunste was van die grondwetlike hervorming soos voorgestel. Op 3 September 1984 het Suid-Afrika se nuwe grondwet, Wet 110 van 1983, in werking getree.

'n Opvallende kenmerk van dié nuwe grondwet was die hervormingsinisiatiewe van die Regering wat versterk is deur die konsep van "magsdeling". Magsdeling het volgens mnr. P.W. Botha beteken konsultering en medeverantwoordelikheid sonder om die beginsel van selfbeskikking te ondermyn. Dié selfbeskikking van gemeenskappe sou gehandhaaf word deur 'n fundamentele beginsel van "eie" en "algemene sake". Op grond van hierdie beginsel is skoolonderwys as "aangeleentheid wat 'n bevolkingsgroep met betrekking tot die behoud van sy identiteit en die handhawing en bevordering van sy lewenswyse ... raak ..." as 'n "eie saak" beskryf (Wet 110 artikel 14 en die bylaag). In die praktyk het dit beteken dat die afsonderlike Huise vir blankes, sogenaamde Kleurlinge en Indiërs elk 'n minister van onderwys aan die hoof gehad het en dat skole op rassegrondslag bedryf is. Wat skoolonderwys aan swartmense betref, het die Regering steeds die standpunt gehandhaaf dat swartmense 'n eie konstitusionele weg het om te volg in die tuislande waar aparte territoriale gebiede en regeringstrukture vir hulle geskep gaan word (Hansard, 17 1983, kol. 8347).

Reaksie op die instelling van die nuwe Grondwet en die gepaardgaande implementering van skoolonderwys het uit sowel politiesregse as linkse fronte gekom. Steeds aangevuur deur sy standpunt van afsonderlike ontwikkeling van die verskillende rasse (i.c. partisie) het die Konserwatiewe Party by monde van die partyleier, dr. Andries Treurnicht, die nuwe beleid verwerp as 'n vernietiging van die blanke se reg tot selfbeskikking en soewereiniteit (KP, 1982/84:1-8). Dié weg wat die Regering ingeslaan het sal uiteindelik uitloop op volslae integrasie waar slegs chaos sal heers (Hansard, 1984, kol. 54-56). Op 'n Transvaalse kongres van die KP het die partyleier 'n verdere oproep gedoen vir die terugkeer na segregasie op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing. Hierdie tendens is voortgesit toe dr. Frans van Staden, die KP se amptelike segsman oor onderwyssake, op die party-ondersteuners 'n beroep gedoen het om beheer te verkry oor skoolrade en skoolkomitees. Sodanige stap sal die ondersteunerskorps in staat stel om

onderwysers "op te voed" om leerlinge te beïnvloed teen die nuwe bedeling.

Uit die polities linkse front het die Progressief Federale Party die nuwe grondwet gesien as 'n verskansing van rassediskriminasie met geen werklike wegbeweeg van die domineringstelsel van apartheid nie. Mnr. Ken Andrew beskryf die Grondwet as 'n teleurstelling en duplisering van geriewe. Vanuit die sogenaamde "National Liberation"-front het mnr. Archie Gumede as president van die UDF gepleit vir niedeelname aan die Grondwet en die daarstelling van 'n verenigde demokratiese onderwysstelsel (Makhaya, 1983:3). Ook die Azanian People's Organisation het die grondwet met minagting verwerp as "political fraud" teenoor die mense van Azania (Harber, 1984:9).

Tydens die verkiesing van lede vir die Huis van Verteenwoordigers en die Huis van Afgevaardigdes in die nuutgestigde Driekamerparlement in Augustus 1984, is die opwelling van ontevredenheid en protes teen die *status quo* voorgesit. Die United Democratic Front (UDF), die National Forum (NF), die verbanne African National Congress (ANC), Inkatha en 'n verskeidenheid ander politieke groeperinge (waaronder Islamitiese, Hindoe- en Christelike organisasies; die South African Council on Sport - SACOS - en opkomende vakbonde) het 'n beroep op potensiële kiesers gedoen om die verkiesing te boikot. Behalwe vir lae stempersentasies wat gerapporteer is, is die totale verkiesingstydperk deur geweld en aanhouding van lede wat teen die verkiesing gekant was, gekenmerk. Die erns van die teenkanting word duideliker indien daarop gelet word dat kandidate vir die twee Huise letterlik aangeval is, hoofsaaklik met petrolbomme.

Alhoewel daar deurlopend boikotte, onrus en gepaardgaande geweldpleging by skole plaasgevind het vir die grootste gedeelte van 1984, was daar 'n aansienlike toename hierin tydens die verkiesingstydperk self. Reeds twee weke voor die verkiesing het die Congress of South African Students (COSAS) en die Azanian Student's Organisation (AZASO) 'n beroep op alle leerlinge gedoen om skole vir twee weke te boikot (Anon., s.a.(a):1-2). Op verkiesingsdag (22 Augustus 1984) van die Huis van Verteenwoordigers is 'n totale leerlingafwesigheid van 800 000 gerapporteer waarvan 630 000 sogenaamde Kleurlingleerlinge was. Die Indiërverkiesing - wat ook vir twee dae geduur het en begin het op 28 Augustus 1984 - is eweneens gekenmerk deur grootskaalse skoolboikotte en ontwrigting. Protesop-

togte en demonstrasies deur antiverkiesingsgroepe het sonder uitsondering uitgeloop op konfrontasie met die Polisie, gerugsteun deur die ander veiligheidsmagte.

Die verandering wat daar in binne-Parlementêre groeperinge gekom het, spesifiek in blanke politiek, is gedurende die verkiesing van 6 Mei 1987 herbevestig. Vir die eerste keer sedert die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, het die opposisie nou aan die regterkant gelê. Hierdie verandering in opposisie het die Nasionale Party nie daarvan weerhou om nog steeds 133 van die 178 setels in die Parlement op die party te verenig nie. "Hervorming" gebaseer op "beskerming" het die sentrale tema van die Nasionale Party se verkiesingsveldtog uitgemaak (NP, 1987:1).

In sy laaste vergadering voor dié verkiesing het dr. Andries Treurnicht van die Konserwatiewe Party gesê dat om blanke identiteit te behou, moet gemengde huwelike verbied word en moet skole apart gehou word. Multikulturele sport was ook buite die kwessie. Die blanke sal moet veg om die blanke nasie blank te hou. Hierdie standpunt is deur mnr. Andrew Gerber in 'n referaat voor die Federale Onderwysersraad op 19 Mei herbevestig (Gerber, 1989). Hierteenoor het die Progressief Federale Party (PFP) in sy verkiesingsmanifes 'n oproep gedoen dat alle vorme van diskriminasie geskrap moet word, dat daar gewerk moet word aan 'n nuwe konstitusie, dat gelyke beregtiging geïmplementeer moet word en dat die een groep nie die ander moet domineer nie.

Vanuit die buite-Parlementêre politieke groeperinge het daar ook reaksie op die Mei-verkiesing gekom. Die Azanian People's Organistion (AZAPO) het byvoorbeeld by monde van sy publisiteitsekretaris, mnr. Muntu Myeza, gestel dat hiérdie dag van blanke verkiesing gemerk moet word as 'n dag waarop swartmense heropgevoed moet word hoekom hulle hulle moet verenig in swart solidariteit en in swart waardigheid.

6 September 1989 staan opgeteken as 'n historiese dag in die Suid-Afrikaanse politieke ontwikkeling. Nie net was die bedanking van mnr. P.W. Botha voor die verkiesing verrassend nie, maar die verkiesing self was van groot historiese waarde. Dit was naamlik die eerste algemene verkiesing waaraan blanke-, sogenaamde Kleurling- en Indiërkiesers gesamentlik hoewel op aparte kieserslyste kon deelneem. In die (blanke) Volksraad het die

Nasionale Party-verteenwoordigers van 120 afgeneem na 93 terwyl die Konserwatiewe Party sy ledetal aansienlik vermeerder het van 22 tot 39. Die nuutgestigde Demokratiese Party (DP) se aanhang het eweneens betekenisvol van 19 tot 33 gestyg. Persentasiegewys het die NP 48% van die blanke stemme getrek, die KP 31% en die DP 21%. In die (sogenaamde Kleurling) Raad van Verteenwoordigers het die Arbeidersparty (AP) 69 van die 80 verkose setels verwerf terwyl geen party in die (Indiër) Raad van Afgevaardigdes 'n meederheid kon verkry nie (Stuart, 1989:5).

Die NP-Regering het in dié verkiesing 'n mandaat gevra om 'n "... new, strong and just South Africa" (NP, 1989:1) vir almal te skep. 'n Deelnemende demokrasie, een waarin die groep nie 'n ander domineer nie, en waarin onderwys die rol sal vervul van die skepping van "useful citizens who can make a meaningful contribution to development" (NP, 1989:11) is in die vooruitsig gestel. Teenoor vorige formulerings van groepe, hoofsaaklik op grond van ras, erken die NP nou dat daar gesoek moet word na 'n hersiene formulering, een waarin 'n groter mate van vryheid van keuse toegelaat word (NP, 1989:6). Om voorsiening te maak vir enersyds die gevestigde opvatting dat skoolonderwys rasgesegregeerd moet plaasvind en andersyds dat alle skoolonderwys geïntegreerd moet plaasvind, kom die NP met die "own community"- en "free settlement"-gedagtes na vore. Hiervolgens kan gevestigde belange (i.c. skoolonderwys) beskerm word terwyl diegene wat 'n ander opsie wil uitoefen, die reg daartoe het. Die Demokratiese Party stel in sy verkiesingsmanifes 'n oop samelewing voor waarin elke burger van Suid-Afrika gelyke politieke regte het, ook op skoolonderwysgebied (DP, 1989:1; 11).

Wat nou reeds 'n gevestigde patroon blyk te gewees het, het ook tydens die algemene verkiesing, die tweede een tydens 'n noodtoestandsituasie, na vore gekom. Wydverspreide en omvangryke wegblyaksies by skole en skoolboikotte is in die groot sentra van Suid-Afrika van stapel gestuur. Hierdie protesaksies is georganiseer deur vakbonde en 'n alliansie bestaande uit 'n wye verskeidenheid antiregeringsorganisasies wat na hulleself verwys het as die "Mass Democratic Movement" (MDM) (Anon., 1988(d):13-15). Algemene politieke en sosiaal-maatskaplike aktualiteite is deur die MDM verkry deurdat dié beweging die selfopgelegde taak aanvaar het om die spreekbuis te word van verbanne organisasies soos die ANC, die SAKP, die PAC, die UDF en die National Education

Crisis Committee (NECC).

### 5.3.4 Departement van Onderwys en Opleiding (DOO)

Die rol en status wat die DOO binne die Suid-Afrikaanse onderwystoneel beklee het, is statutêr (Wet 90 van 1979) bepaal as 'n departement waarin "... formele pretersiêre onderwys en onderwysersopleiding, asook nieformele onderwys, aan alle swart persone in die RSA (die selfregerende gebiede uitgesluit) ..." voorsien is (DOO, 1989:2). Tot en met 1984 het die DOO hierdie taak verrig sonder enige formeelgestruktureerde kontak met die onderwysdepartemente wat onderwys aan die ander bevolkingsgroepe voorsien het. Met die inwerkingstelling van die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake (Wet 76 van 1984) het die Regering in September 1984 vir die eerste keer 'n unitêre onderwysstelsel, hoewel nog steeds rasgesegregeerd, in Suid-Afrika gevestig. 'n Nuwe Ministerie en Departement van Nasionale Opvoeding het tot stand gekom om alle onderwysdepartemente ten opsigte van nasionale onderwysbeleid van diens te wees met betrekking tot norme en standaarde, salarisse en diensvoorwaardes, registrasie van onderwysers en norme en standaarde vir leerplanne en eksaminering (Wet 76 van 1984).

Reeds teen die begin van die jare tagtig was dit meer as duidelik dat die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO) moeilik aan die historiese belasting van 'n rasgesegregeerde onderwysstelsel sou ontkom (DOO, 1983:2-6; DOO, 1984:3; 5; DOO, 1985:2; 4). Twee ontwikkelinge staan uit wat meegewerk het aan dié onbenydenswaardige posisie. In die eerste plek is die DOO, as uitvloeisel van Bantoe Onderwys, in toenemende mate deur die onderwysgebruikers gesien as 'n middel van die Regering (i.c. NP-Regering) om 'n minderwaardige tipe onderwys te verskaf met as einddoel die aparthouding van die verskillende rassegroepe en die daaruit vloeiende apartheidsamelewingsorde (Choabi, 1983:5-9; Unterhalter, 1989:20-23; Soweto Youth Congress, 1984:2). Tweedens het die 1976-onderwysopstande in Soweto beslis uitkringende negatiewe gevolge gehad wat betref die verhoudinge tussen die DOO enersyds en onderwysers, leerlinge, ouers en die gemeenskap in den brede (Mkhwanazi, 1985:4-7). Die nawerkende effek van beide hierdie en ander faktore soos die oorweldigende groei in leerlinggetalle, 'n tekort aan voldoende fisiese fasiliteite, stygende en opkomende politieke

aspirasies van swartmense en ander sosiaal-maatskaplike probleme, het deurlopende temas geword waarbinne die spanningsverhouding tussen skoolonderwys en die politiek duidelik waarneembaar is (DOO, 1984:3; 7; DOO, 1987:4; DOO, 1988:9).

Die gang van skoolonderwys binne die DOO is - vir die tydperk 1983 tot begin 1990 - gekenmerk deur 'n wye verskeidenheid gebeure wat nie net stremmend op die onderwys ingewerk het nie, maar by tye die onderwys selfs onmoontlik en lewensgevaarlik gemaak het (DOO, 1987:69; DOO, 1990:7). Die uitsluiting van swartmense uit die politieke prosesse van die land was sekerlik die mees fundamentele oorsaak vir die deurlopende konflik en wrywing in skoolonderwys (DOO, 1984:7; DOO, 1989:6). Die konflik en protes wat hieruit voortgevloei het, het sigbaar in die werksaamhede van die Departement van Onderwys en Opleiding gemanifesteer.

Byna elke ongemaklikheid in die onderwys en tekorte en gebreke in die DOO is gekoppel aan die nasionale politieke magstryd in die land (DOO, 1986:3). Deur te fokus op administratiewe en bestuursongerymdhede binne die DOO, soos byvoorbeeld die uitlekking van eksamenvraestelle en die niebekendmaking van eindeksamenuitslae, is die "minderwaardigheid" van die aangebode onderwys teenoor dié van die blankes beklemtoon. Griewe vanuit die geledere van die leerlinge, wat ingesluit het ontevredenheid met sekere skoolhoofde, onderwysers, die streng toepassing van lyfstraf deur onderwysers, skorsing van leerlinge wat afgeskryf het in eksamens, polisie- en weermagoptrede by skole, 'n tekort aan klaskamers en die instelling van ouderdombeperkingsregulasies deur die DOO het vir 'n deurlopende patroon van konflik met die DOO gesorg (Tambo, 1984:3-4; DETU et al., s.a.:1-2; COSAS, s.a.; Anon., 1987(b):2).

Kenmerkend van dié konflikpatroon was dat die gesag van die DOO nie net op direkte en ondubbelsinnige wyse bevraagteken is nie, maar ook doelgerig en bepland teëgewerk is (Anon., s.a.(a) & (c):10; Anon., 1987:34). So byvoorbeeld het amptelike besoeke deur superintendente van die DOO aan skole, waar onhoudbare spanninge tussen onderwysers, skoolhoofde en leerlinge geheers het, by meer as een geleentheid geëindig in die verjaging van die DOO-personeel. Amptelike motors is aan die brand gesteek, dagboeke is verbrand, telefoondrade is geknip, skole is aan die brand gesteek en die besoekers moes

letterlik vir hulle lewens vlug (Anon., 1983(f):1M; Bavuma, 1987:3).

Die verhouding tussen die DOO enersyds, en die leerlinge, die ouergemeenskappe en organisasies wat hulle beywer het vir die onderwys van die leerlinge (waaronder die Soweto Parent's Crisis Committee (SPCC), die National Education Crisis Committee (NECC), Port Elizabeth Crisis Committee (PECC) andersyds, is deurlopend gekenmerk deur opsetlike verdagmakery. So is byna alle aksies wat deur die DOO onderneem is om die uiters swak toestande in die onderwys te normaliseer, by voorbaat afgemaak as onvoldoende, minderwaardig, onregverdig en nielegitiem. Waar daar gevalle was van die beskadiging van skooleiendom het die DOO klasse voorlopig opgeskort. In uiterste gevalle van geweldpleging en brandstigting is skole gesluit. Hierdie optrede deur die DOO is sonder meer verwerp en by geleentheid is van die skole deur leerlinge en ouers self heropen. By ander geleenthede is die amptelikbepaalde heropeningsdatum van DOO-skole onder inisiatief van "buite"-organisasies verontagsaam en is 'n alternatiewe datum van heropening bepaal. Oproepe deur die adjunkminister van Onderwys en Ontwikkelingshulp, mnr. Sam de Beer, om gehoor te gee aan die amptelike skoolonderwysprogram is gewoon negeer (Mkhondo, 1986:2A). By nog ander geleenthede is daar druk deur ouers en leerlinge op die DOO uitgeoefen om eksamendatums uit te stel. Druk vir die eensydige instelling van "Student Representative Councils" (SRC's) sonder die goedkeuring van die DOO het 'n steeds verslegtende situasie nader na 'n krisistoestand laat beweeg (ERIC, 1986). Teen die middel van 1986 was dit meer as duidelik dat daar binne die DOO nie meer sprake was van normale skoolonderwys nie. Die DOO maak onder andere bekend dat die vlak van geweld so toegeneem het dat onderwysers dit nie kan waag om enige dissiplinêre stappe teenoor leerlinge te doen nie (DOO, 1986:3).

In reaksie op die steeds verslegtende situasie binne die DOO word 'n nasionale konferensie op 29 en 30 Maart 1986 onder leiding van die Soweto Parent's Crisis Committee (SPCC) in Durban gereël. Behalwe dat dié konferensie deur sowat 1 500 afgevaardigdes van regoor Suid-Afrika en uit alle vlakke van die samelewing bygewoon is, word die National Education Crisis Committee (NECC) ook by die geleentheid gebore wat 'n direkte en prominente rol sou speel in toekomstige onderhandelinge met die DOO en die Regering (Anon., 1985(a):1; Obery, 1986:8-13). Uit die resolusies wat op die

konferensie aanvaar is, blyk dit dat die NECC hom nie net wou vestig as 'n alternatief vir die DOO en as 'n sentrale onderwysliggaam nie, maar terselfdertyd ook 'n nasionale spreekbuis wou word vir alle ander sosiaal-maatskaplike kwessies. Op grond van dié organisasie se provokatiewe uitsprake en aksies word hy in terme van die nood-toestandregulasies op 9 Januarie 1987 verbied om byeenkomste en vergaderings te hou (RSA, 1987:1-2). Op 24 Januarie 1988 word die NECC saam met ander organisasies tot verbode organisasie verklaar (Anon. 1988(a):7-9).

Gelyklopend met die totstandkoming van die NECC het 'n volgende ontwikkeling binne skoolonderwys die werksaamhede van die DOO begin beïnvloed, naamlik die opkoms van die "People's Education"-beweging (PE) (Unterhalter, 1986:3-7; 1989:23; Chisholm, 1986:14-19; Mzala, 1986:8-14; Anon., 1988(d):11-12). Die eerste verskyningsvorme van PE was toe die Port Elizabeth Crisis in Education Committee (PECC) bekendgemaak het dat die administrasie van die DOO oorgeneem gaan word op 16 Junie 1986. Berigte van die implementering van PE is ook van Oos-Londen en Port Alfred ontvang. Van die eerste sillabusse wat oorgeskryf is was dié van die vakke Engels en Geskiedenis (NECC, 1987(b):34; WECTU, 1987:36). 'n Duidelike koppeling tussen die NECC en die PE-beweging blyk uit mnr. Vusi Khanyile, die destydse voorsitter van die NECC, se stelling: "The struggle to implement People's Education involves people's organisations taking control of the administration of education (i.c. die DOO administrasie - CTV) in the interests of the people".

## 5.4 GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING

In die formulering van die doelstelling van hierdie artikel is verwys na die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek, asook na die onderskeie historiese ontwikkelingsgange van hierdie groothede. Om enigsins 'n vollediger blik te verkry op die problematiek rondom die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek, is dit nou nodig om enkele samevattende gevolgtrekkings rakende dié aangeleentheid te maak. Die volgende gevolgtrekkings word gemaak teen die agtergrond van die aangebode historiese gebeure in die paragrawe hierbo.

* Daar is 'n onmiskenbare verhouding tussen skoolonderwys en politiek. Skerper gestel: skoolonderwys en die politiek kan nie van mekaar geskei word nie. Nog skerper gestel: skoolonderwys sal altyd 'n politieke dimensie hê; en omgekeerd: die politiek sal altyd in 'n mindere of meerdere mate 'n (skool-)onderwysdimensie vertoon. 'n Ontkenning van hierdie stand van sake sou enersyds op blote naïewiteit neerkom, of kan gesien word as 'n verdoeseling van die eie politieke agenda. Op basis hiervan kan gekonstateer word dat die politieke dimensie van skoolonderwys en die onderwysdimensie van die politiek beide erken behoort te word en as sodanig hanteer behoort te word. Skoolonderwys het onder andere as opdrag die voorbereiding van die kind vir die sosio-politieke konteks waarbinne hy sy volwasse lewe gaan voer.

* Vanweë die historiesbewese verhouding tussen skoolonderwys en die politiek bestaan daar voortdurend die latente moontlikheid dat die een die ander kan en mag beïnvloed. Een moontlike rede hiervoor lê in die feit dat die mens momenteel deel is van verskillende samelewingsfere wat tot gevolg het dat skoolonderwys noodwendig sy "politieke gesig" van tyd tot tyd sal openbaar, en andersom. Hierdie wedersydse beïnvloeding of wisselwerking kan, indien dit nie algemeen en oorwoë beplan en bestuur word nie, lei tot 'n verskeidenheid van wanpraktyke en vergrype.

* In die derde plek word die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek daardeur gekenmerk dat daar kontinu bepaalde rolspelers en/of belanghebbendes betrokke is wie se belange bevorder word of ten minste in stand gehou word. Hierdie rolspelers sluit in: die onderwysers, die leerlinge, die ouers, die verskillende departemente van onderwys, die staat, politici, die regering van die dag en die verskillende politieke bewegings en partye.

* Uit 'n bestudering van die historiese gebeure in die tydperk 1983 tot 1990 blyk dit dat skoolonderwys in die RSA verpolitiseer is. Polities-ideologiese inhoude het onvermydelik deel van die skoolonderwys van die dag geword. Hierdie inhoude, soos byvoorbeeld verwoord as "eie" en "algemene sake" en "People's Education",

het skoolonderwys dermate verwring dat onderwys (hoofsaaklik) 'n instrument geword het in die hande van ideoloë.

* As deel van die indertydse binne- en buite-Parlementêre politieke sisteme het skoolonderwys 'n prominente plek gehad. In beide gevalle het die twee hoofstroomideologieë, resp. die dominante ideologie van apartheid (hierdie benaming is nie amptelik so gebruik nie) en die Bevrydingsideologie, albei onderwys as 'n belangrike onderdeel van hulle onderskeie politieke filosofieë beskou. Die deurlopende teenwoordigheid van onderwys op die onderskeie politieke agendas bevestig hierdie stelling. Die verskil was egter dat die amptelike ideologie statutêre legitimiteit gehad maar nie ondersteunerslegitimiteit nie, terwyl die situasie by die opponerende ideologie net andersom was.

* In die sesde plek wil dit voorkom of die politiek letterlik op enige wyse die skoolonderwysarena ingedra kan word. Uit die bestudering van die historiese gebeure in die tydperk 1983 tot 1990 kan die volgende as voorbeelde dien: in die eerste plek op makro-vlak deur die daarstelling van 'n ideologiese basis of raamwerk wat gedien het as 'n oortuigingsisteem waaruit die rol en status van skoolonderwys gedefinieer word. Uit hierdie oortuigingsisteem is 'n stel voorskrifte afgelei waarmee die tipiese eienskappe van 'n voortreflike lid van die groep of beweging beskryf is. Voorbeelde hiervan uit die tydperk wat bestudeer is, sluit in: om lid te wees (i.c. onderwyser of leerling) van 'n slegs blanke skool of slegs swart skool; om lid te wees van die "people" as onderdruktes en uitgebuites of om lid te wees van 'n "action group", 'n "street committee" of die "people's army". Ook is 'n program voorgeskryf met bepaalde voorskrifte waarmee die veronderstelde verandering of handhawing van die *status quo* bewerk moes word. Objektief beskou kan die verskillende wette, regulasies en proklamasies, soos verwoord deur die amptelike ideologie in die jare tagtig, gesien word as voorbeelde van sodanige voorskrifte. Aan die ander kant kan die verskillende programme soos voorgeskryf deur die opponerende ideologieë, met name die rewolusionêre omverwerping van die *status quo* ook dien as sodanige voorskrifte.

Verder word politiek op die mikrovlak (i.c. die skool) deur onder andere die onderwyser, die leerling en ander persone in die onmiddellike omgewing van die skool (i.c. gemeenskapsleiers, ouers en ander belangegroepe) ingedra. Besield deur 'n bepaalde ideologie word slagspreuke, kodes, simbole, vergaderings, *impromptu*-byeenkomste, betogings en protesaksies gebruik om die aspirasies van lede aan mekaar voor te hou en aan mekaar oor te dra. Enkele voorbeelde hiervan uit die jare tagtig bevestig hierdie stand van sake: "Support the Charter Campaign", "Hands off our schools - Troops out", "Reject apartheid education. Join your local People's Education committee", "Condemn repression", "Each one teach one" en "Black solidarity rally".

* Die rewolusionêre karakter wat skoolonderwys gedurende die jare tagtig aangeneem het, bevestig die gedagte van direkte politieke beïnvloeding. Vir die buite-Parlementêre groeperinge was dit vanselfsprekend om skole te gebruik ter verwesenliking van hulle politieke ideale. Skoolonderwys was niks minder en niks meer nie as een van die "avenues" van die politieke stryd. Overte sowel as koverte politieke beïnvloeding het die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek gekenmerk. Die gesag van die heersende en dominante ideologie in die land en die onderwys is direk bevraagteken. Sekere beleidsdokumente, byvoorbeeld die "Freedom Charter" en die "Azanian Manifesto", is as alternatiewe aanvaar vir die Grondwet van 1983. Hierna het 'n tydperk gevolg van polities-ideologiese aksies en handelinge waarin momentum en dinamiek verkry is vir die aanvanklike bewuswording van 'n situasie van onderdrukking onder swartmense en die uiteindelike vestiging van alternatiewe onderwysstrukture. Hierdie strukture is sonder uitsondering opgerig as bakens in die bevrydingstryd en het 'n tree-vir-tree-gebiedsinpalming gesimboliseer.

* Voorts wil dit voorkom of die openbare skoolonderwys in 'n sterk gesentraliseerde staatsbestel meestal die dominante ideologie reflekteer. Deur die dominante ideologie word, deur middel van skoolonderwys, identiteit verseker en gehandhaaf soos verwoord onder andere in taal, regte en vryhede. Deur die verskaffing van sodanige skoolonderwys word 'n klimaat geskep waarbinne die dominante ideologie

kan floreer. Aan die ander kant wil dit voorkom asof dit juis dié aangebode openbare skoolonderwys is wat deur opponerende ideologieë geïnfiltreer word.

* In die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek bly die rol wat die staat speel onwegdinkbaar belangrik. Die staat met sy organisatoriese infrastruktuur stel verskillende middele, byvoorbeeld beleid, reëls en regulasies, tot die beskikking van onderwysleiers, politici en ander belanghebbendes. In uiterste gevalle, waar hierdie normale wyses van optrede nie voldoende is nie, kan daar selfs van ekstreme wyses van optrede gebruik gemaak word, soveel so dat daar selfs na verbandstrukturele geweld verwys kan word. Voorbeelde van hierdie direkte intervensie van die staat in skoolonderwys sluit in buitengewone proklamasies en regulasies. Hoewel die staat se betrokkenheid by skoolonderwys gedurende 1983 tot 1990 volgens wet gereël is, was die eensydige voorskriftelikheid daarvan nie aanvaarbaar vir die meerderheid onderwysgebruikers nie.

**BIBLIOGRAFIE**

ALBRECHT, S. 1987. Nasionale Demokratiese Beweging. Manifes. Kaapstad : Hansa Reproprint.

ANON. s.a.(a). Apartheid education. The challenge facing students. (Kopie in besit van skrywer.)

ANON. s.a.(b). The Mass Democratic Movement's (UDF affiliates and COSATU) position on the formation of the Democratic Party. (Kopie in besit van skrywer.)

ANON. s.a.(c). What is happening in our schools and what can we do about it? (Kopie in besit van skrywer.)

ANON. s.a.(d). Azania. Free Azania, 1(1):3-5.

ANON. s.a.(e). AZAPO policy on local and international relations. (Kopie in besit van skrywer.)

ANON. s.a.(f). On policy. (Kopie in besit van skrywer.)

ANON. s.a.(g). What is AZASO? AZASO, 9-11. (Kopie in besit van skrywer.)

ANON. s.a.(h). Introduction. (Kopie in besit van skrywer.)

ANON. 1983(a). The Azanian Manifesto. Free Azania, 1(4):21.

ANON. 1983(b). United Democratic Front declaration. (Kopie in besit van skrywer.)

ANON. 1983(c). UDF - an invaluable weapon. Dawn, 7(8).

ANON. 1983(d). Forms of organisation. Work in Progress, p. 22-26, August.

ANON. 1983(e). Editorial. Work in Progress, p.3, August.

ANON. 1983(f). Teargas used on boycotting Soweto students. The Star : 1m, July 19.

ANON. 1983(h). Apartheid divides: the UDF unites. Sechaba, p.1-2, October.

ANON. 1984(a). Lekota on UDF. Work in Progress, p.4-8, February.

ANON. 1984(b). Education and liberation. Sechaba, p.4-8, July.

ANON. 1985(a). Liberating education. Sechaba, p.1, May.

ANON. 1985(b). Editorial. Work in Progress, p.2, August.

ANON. 1985(c). All for the front. Work in Progress, p.9-13, August.

ANON. 1987(a). Document: manifesto of the CPSA. Free Azania, p.35-36.

ANON. 1987(b). DET warns teachers. South : 2, Oct. 8-14.

ANON. 1988. Declaration adopted at the conference "Peoples of the world against apartheid for a democratic South Africa". Sechaba, p.1-2, February.

ANON. 1987. Student and youth politics in the Western Cape. Work in Progress, p.33-36, October/November.

ANON. 1988(a). Outrage against the banning of organisations. Sechaba, p.7-9, April.

ANON. 1988(b). ANC statement. National executive committee call to the people. Sechaba, p.13-15, July.

ANON. 1988(c). History and time not on their side. Sechaba, p.1-2, January.

ANON. 1988(d). Current perspectives in education. New Unity Movement Bulletin, 2(3):11-15, October.

ANON. 1988(e). SOYCO'S five fighting years. Roar Lions roar! (Kopie in besit van skrywer.)

ASHLEY, M. 1990. Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad. Op 18 April 1990 is 'n onderhoud in Kaapstad gevoer.

AZANIAN MANIFESTO. s.a. (Kopie in besit van skrywer.)

AZANIAN STUDENT'S MOVEMENT (AZASM). s.a. (Kopie in besit van skrywer.)

AZANIAN STUDENT'S MOVEMENT. 1984. Call for student boycott. Guguletu : Olympic.

AZANIAN STUDENT'S ORGANISATION (AZASO). 1982. Summary of commissions on the education charter at the AZASO Congress 2-4 July at Hammanskraal. (Kopie in besit van skrywer.)

AZANIAN STUDENT'S ORGANISATION. 1983. (Kopie in besit van skrywer.)

AZANIAN STUDENT'S ORGANISATION. 1984. Boycott elections. (Kopie in besit van skrywer.)

AZAPO. s.a.(a). Constitution Azanian People's Organisation. (Kopie in besit van skrywer.)

AZAPO. s.a.(b). Black solidarity. Johannesburg : AZAPO. (Kopie in besit van skrywer.)

BAVUMA, V. 1987. Protests after principal demoted. South : 3, October 8-14.

BEKKER, S. & HUMPHRIES, R. 1985. From control to confusion - The changing role of Administration Boards in South Africa. Pietermaritzburg : Shuter and Shooter.

BRYNARD, K. 1989. Die wanhoop in die swart onderwys. Insig:20, Augustus.

CHISHOLM, L. 1986. From revolt to a search for alternatives. Work in Progress, p.14-19, May.

CHOABI, S. 1983. The roots of Bantu Education. Sechaba, p.5-9, January.

COETZEE, J.H. 1983. Political manifestations in education. (In De Jager, D.K.; Coetzee, J.H. & Bisschoff, T.C., eds. Metagogics: methodology and application. Pretoria : HAUM.)

CONGRESS OF SOUTH AFRICAN STUDENTS (COSAS). s.a. A call to our people to unite in action for democratic education. (Kopie in besit van skrywer.)

COOPER, S. & NTLOKO, L. 1986. Engaged in debate and struggle. Work in Progress, p.20-24, May.

DE KLERK, F.W. 1990. Toespraak deur die staatspresident, Mnr. F.W. de Klerk, DVD, tydens die opening van die tweede sitting van die negende Parlement van die Republiek van Suid-Afrika - Kaapstad, 2 Februarie.

DELANCEY, M.W. 1988. The education futures seminars. A summary of discussion. Kaapstad. (Ongepubliseer.)

DEMOCRATIC PARTY. 1989. The Democratic Party - a government in the making. (Kopie in besit van skrywer.)

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING. 1982; 1983; 1984; 1985; 1986; 1987; 1988; 1989; 1990. Jaarverslag. Pretoria : Staatsdrukker.

DETU; WECSCO; WECTU; EDASA; BLACK SASH & UWC SRC, s.a. SADF takes over schools. Elsies River : Allies Printing Services.

DE VILLIERS, R. 1986. Front or political party? Work in Progress, p.14-17, February.

DOSTAL, E. 1988. Notebook on educational trends and perspectives. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Instituut vir Toekomsnavorsing.)

DU PLESSIS, A.B. Die Afrikanerweerstandsbeweging. (In Maritz, C.J. red. Weerstandsbewegings in Suider-Afrika. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies. p. 116-141.)

EBRAHIM, A.G. 1986. Policies of apartheid of the government of South Africa. (Statement by Ahmed Gora Ebrahim secretary for foreign affairs to the forty-first session of the United Nations.) (Kopie in besit van skrywer.)

ENGELBRECHT, S.W.H. & NIEUWENHUIS, F.J. 1988. Educational strategies for the future. (In Marais, H.C. ed. South Africa: perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess. p. 163-188.)

ERIC (EDUCATION RESOURCES AND INFORMATION CENTRE). 1986. Forward to a People's Education. Viva SRC's! Observatory : Education Resource & Information Centre.

FREEDOM CHARTER, THE. As adopted at the congres of the people - 26 June 1955. Globe : Tvl. F.C. Comm.

GARBERS, J.G. 1988. Issues relating to the management of human sciences research in South Africa. (In Marais, H.C. ed. South Africa: perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess Publishers. p. 1-22.)

GERBER, A. 1989. Voorsiening van onderwys - uitgangspunte en hoe dit praktyk gemaak kan word. (Rede gelewer op 19 Mei 1989 voor die Federale Onderwysersraad.) (Ongepubliseer.)

HANSARD
kyk
Suid-Afrika (Republiek).

HARBER, A. 1984. The AZAPO Conference. Work in Progress, 9-11, February.

INNES, D. 1986. Worker politics and the popular movement. Work in Progress, p.11-16, March.

KONSERWATIEWE PARTY, DIE (KP). 1982/84. Die Konserwatiewe Party. Program van beginsels en beleid. Pretoria: Barrodel Drukkers.

KARON, T. & OZINSKY, M. 1986. The working class in national democratic struggle. Work in Progress, p.31-36, May.

LODGE, T. 1987. State power and the politics of resistance. Work in Progress, p.3-6, October/November.

MAGUBANE, B. 1988. The character of our struggle. Sechaba, p.4-13, May.

MAKHAYA, J. 1983. Response to a crisis. Dawn, 7(3), Nov/Dec.

MALAN, W. 1988. Referaat gelewer op die NDB-kongres op 6 Mei 1988. (Ongepubliseer.)

MKHONDO, R. 1986. Parents failed to submit schools proposal - DET. The Star : 2A, January 6.

MKHWANAZI, F. 1985. Education in crisis: 1976 and today. Sechaba, p.4-7, January.

MLAMBO, J.P. 1987. New year message to the Azanian people. (Kopie in besit van skrywer.)

MORROW, W. 1986. Education as an "own affair". Suid-Afrikaanse tydskrif vir opvoedkunde, 6(4):245-249, November.

MORROW, W. 1988. Democratic schooling and the continental nuisance. Suid-Afrikaanse tydskrif vir opvoedkunde, 8(3):247-254, Augustus.

MORROW, W. 1990. Fakulteit Opvoedkunde aan Universiteit van Wes-Kaapland (UWK). Op 18 April 1990 is 'n onderhoud in Belhar gevoer.

MOSTERT, W.P.; VAN TONDER, J.L. & HOFMEYR, B.E. Demographic trends in South Africa. (In Marais, H.C. ed. South Africa: perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess. p.59-86.)

MZALA. 1986. Building people's power. Sechaba, p.8-14, September.

NASIONALE PARTY. 1987. Manifes van die Nasionale Party. Kaapstad : NP Federale Inligtingsdiens.

NATIONAL EDUCATION POLICY INVESTIGATION (NEPI). 1993. Cape Town : Oxford University Press.

NATIONAL PARTY. 1989. Proposed plan of action of the National Party Election - 6 September 1989. (Kopie in besit van skrywer.)

NECC. 1987(a). What is history? A new approach to history for students, workers and communities. Johannesburg : Skotaville Educational Division for the NECC.

NECC. 1987(b). History. NECC History Workshop. (In People's Education for teachers. Proceedings of a Conference held at the University of the Western Cape, October 1987.) (Kopie in besit van skrywer.)

OBERHOLSTER, A.G. 1988. Evolution of South African society. (In Marais, H.C. ed. South Africa: perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess. p.39-58.)

OBERY, I. 1986. People's Education: creating a democratic future. Work in Progress, p.8-13, May.

PAN AFRICANIST CONGRESS OF AZANIA. s.a. Principles of a united front in people's war. (Kopie in besit van skrywer.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Onderwysvoorsiening in die RSA. : verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys. Pretoria. (Voorsitter: J.P. de Lange.)

RSA
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek).

SHINGLER, J.D. 1973. Education and political order in South Africa, 1902-1961. Yale University. (Dissertation - D.Phil.)

SNYMAN, S.A. & LOTTER, J.M. 1988. On the road to equitable and affordable social provision. (In Marais, H.C. ed. South Africa: perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess. p.105-123.)

STUART, B. 1989. Final tally shows. The Citizen : 5, Sept. 9.

SOUTH AFRICAN COMMUNIST PARTY. 1990. The path to power. (Kopie in besit van skrywer.)

SOWETO YOUTH CONGRESS. 1984. The policy of the Soweto Youth Congress. (Kopie in besit van skrywer.)

SOWETO YOUTH CONGRESS. s.a. The constitution of the Soweto Youth Congress. (Kopie in besit van skrywer.)

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. 1991. Onderwysvernuwingstrategie (OVS): 'n besprekingsdokument. Pretoria : Departement Produksie, Universiteit van Suid-Afrika.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1982. Volksraad. Debatte. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1983. Volksraad. Debatte. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1984. Volksraad. Debatte. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1985. Verklaring van 'n noodtoestand. (Proklamasie nr. R. 120, 1985.) Staatskoerant, 9876:1, Julie 21. (Regulasiekoerant nr. R. 3848.)

SUID-AFRIKA (Republiek). 1985. Bevele deur die afdelingskommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie vir die afdeling Oostelike Provinsie. (Proklamasie nr. 1798, 1985.) Staatskoerant, 9896:2; 3; 4; 5; 6; 7, Augustus 8.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1986. Verklaring van 'n noodtoestand. (Proklamasie nr. R. 108, 1986.) Staatskoerant, 10279:1, Junie 12. (Regulasiekoerant nr. 3963.)

SUID-AFRIKA (Republiek). 1986. Bevele deur die afdelingskommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie vir die afdeling Oostelike Provinsie. (Proklamasie nr. 1274, 1986.) Staatskoerant, 10302:1;5, Junie 19.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1986. Regulasies kragtens die Wet op Openbare Veiligheid, 1953. (Proklamasie nr. R. 131, 1986.) Staatskoerant, 10357:1; 2, Julie 13. (Regulasiekoerant nr. 3976.)

SUID-AFRIKA (Republiek). 1986. Regulasies kragtens die Wet op Openbare Veiligheid, 1953. (Proklamasie nr. R. 235, 1986.) Staatskoerant, 10563:2;3, Desember 29. (Regulasiekoerant nr. 4036.)

SUID-AFRIKA (Republiek). 1987. Bevel deur die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie. Wet op Openbare Veiligheid, 1953. (Proklamasie nr. 116, 1987.) Staatskoerant, 10585:1-2, Januarie 9.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1979. Wet op Onderwys en Opleiding, nr. 90 van 1979. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1983. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, nr. 110 van 1983. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1984. Wet op die nasionale beleid vir algemene onderwyssake, nr. 76 van 1984. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). Volksraad. 1983. Debatte. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). Volksraad. 1984. Debatte. Pretoria : Staatsdrukker.

SWILLING, M. 1987. The United Democratic Front and township revolt. Work in Progress, p.26-33, September.

TAMBO, O.R. 1983. We must organise ourselves into a conquering force. Sechaba, p.5-10, March.

TAMBO, 1984. The dream of total liberation of Africa is in sight. Sechaba, p.2-12, March.

TAMBO, 1986. Attack! Advance! Give the enemy no quarter! (Message of the National Executive Committee of the African National Congress.) Sechaba, p.3-4, March.

TLOUBATLA, S.T. s.a. Further determination on black consciousness and an emphasis on workers' position. (Kopie in besit van skrywer.)

TRUTER, D.B. 1990. Departementshoof van die Departement Vergelykende en Historiese Opvoedkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Op 31 Julie 1990 is 'n onderhoud in Bloemfontein gevoer.

UNTERHALTER, E. 1986. The struggle for people's education. Sechaba, p.2-6, September.

UNTERHALTER, E. 1989. Contradictions in Bantu Education. Sehaba, p.20-21, February.

VAN DEN HEEVER, R. 1990. Skoolhoof van die Spes Bona Senior Sekondêr in Athlone. Indertyd die visevoorsitter van die Kaaplandse Professionele Onderwysersvereniging (KPO). Op 12 April 1990 is 'n onderhoud in Athlone gevoer.

VAN HEERDEN, S.M. 1986. Die taal- en taalmeduimkwessie in die Suid-Afrikaanse onderwysontwikkeling. (In Kruger, E.G. red. Opvoeding - verlede, hede en toekoms. Pretoria : Euro-publikasies. p. 127-138.)

WECTU. 1987. English. WECTU English Group. (In People's Education for teachers. Proceedings of a Conference held at the University of the Western Cape, October 1987.) (Kopie in besit van skrywer.)

WETTE
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek).